Geloof in die opstanding sluit ons in

Teks: Romeine 5: 13 - 25 & Sondag 17
Teksvers: Romeine 5: 25

1. Inleiding

In vandag se leerdiens fokus ons ook op die opstanding van Christus uit die dood. Die opstanding is vir ons ’n wonderlike bonatuurlik gebeurtenis. Die bring op ’n emosionele manier ’n warmte in ons hart en aan die geloof. Maar daar is ook meer daaraan. Dit waarna ’n mens juis kyk in ’n dogmatiese leerdiens. Daar is ’n amper harde meganiese waarheid wat ook vir ons geopenbaar word in die opstanding van ons Here Jesus Christus uit die dood.

Daarom natuurlik vandag ons skrifgedeelte uit die boek Romeine. Die boek is soms moeilik om te lees en te verstaan. Miskien juis omdat Paulus ’n klomp geleerde mense in Rome wil oortuig van die waarheid. Tog dra hierdie intelekteule logika by tot die volledigheid van ons geloof. En volledigheid is juis ’n term wat sentraal staan in hierdie preek. Volledige verlossing van die sonde en die bose.

Wanneer ons dan na ons kategismus kyk vanoggend. Dan val die fokus op Sondag 17, dit is ’n sondagsafdeling in die middel van die geloofsbelydenis. En die vraag natuurlik Watter nut het die opstanding van Christus vir ons. En dan gaan die kategismus voort om op sy tegniese manier punt vir punt dit duidelik te maak watter voordeel daar vandag in hierdie waarheid vir ons opgesluit lê.

Alhoewel hierdie tegniese akademiese stellings en argumente koud mag klink, vorm dit tog die basis waarop ons geloof rus. Dit anker ons emosies en gevoelens in iets konkreet. En dit is belangrik, sodat ons oortuigings nie sommer kan verander soos ons emosies heen en weer swaai nie. Daarom is dit juis hierdie vastigheid wat die kategismus daardie troos aspek gee. Wat is die Bybelse waarheid wat die kategismus vanoggend onderstreep?

2. Die dood is oorwin

Om die vraag in die eerste aspek te beantwoord moet ons eers bietjie terug beweeg. Hoekom moes Christus die wreedaardige kruisdood wat ons die naweek gedenk het deurgaan? Ons ken die antwoord. Dit is die sonde, ons sonde wat hierdie straf vereis het. Sien ons kan dit vergelyk met die beeld van ’n vonnis op 'n spesifiek oortreding. Wanneer ’n persoon vandag nog gevonnis word, moet daardie vonnis eers heeltemal volbring word, voor die saak afgehandel is.

Maar hoe weet ons ’n vonnis is volbring. Wel die straf op die oortreding is uitgedien en daarom uit die pad uit. Byvoorbeeld, as iemand tronkstraf opgelê word vir ’n misdaad en hy is vrygelaat uit die tronk, dan weet ons die vonnis is volbring. Op dieselfde manier is die opstanding van Christus uit die dood vir ons ’n bewys dat die volledige prys vir die sondes betaal is. Anders sou Christus in die dood gebly het. Maar nou is die dood oorwin.

Die dood verloor sy houvas, omdat dit waarvoor dit die straf of vonnis was uit die weg geruim is. Die offer van die volmaakte en sondelose liggaam van Christus is genoeg. As offer sterf hierdie liggaam van Christus. Maar God kom skep lewe waar daar net dood was. Soos ons teksgedeelte duidelik maak, en Hy ook in die geval met Abraham doen in

vers 17. Christus lewe, die dood is weg. Dit finale straf vir die sonde is nie meer nodig nie, want daar is nie meer sonde nie.

Die opstand van Christus is daarom die bewys dat die betaling genoeg was. Die offer wat Christus vir al die sondes van die mensdom gebring is genoeg. Daarom skep God weer lewe waar daar net dood was. En daarom maak die opstanding van Christus dat die geloof nie nutteloos is nie volgens 1 Korinthiers 15: 17

3. Ons is deel

In ons teksvers sien ons duidelik die gebruik van die voornaamwoord ons. Dit bring vir ons die volgende aspek van volledigheid aan die boodskap van die opstanding vandag. Dit is maklik op na die opstanding te kyk as ’n historiese gebeurtenis. Selfs om in debatte te verval oor die werklikheid van die bonatuurlike gebeure rondom dit. Maar geskiedenis het ’n manier om daar ver te bly. Veilig miskien, maar steeds daar ver koud.

Hoe word jy verbind aan die geskiedenis. Wanneer ons vandag geskiedenis lees, dan soek ons familie binne in die geskiedenis. My bloedverwante voorvaders. Dit koppel my persoonlik aan daardie geskiedenis. Of as dit nie gevind word in die geskiedenis nie, dan soek ek my volk. Mense wat saam voor my in ’n bepaalde gewoon het en/of gehoorsaam was aan ’n bepaalde regering.

Dit is hier waar Abraham in kom. God kies om vir Abraham ’n volk te maak. Maar nie net ’n volk nie, Sy volk. Daarvoor gee die Here Sy wet wat gehoorsaam moet word deur Abraham en sy nageslag. Maar ons weet dat hulle, soos ons nie in staat was om dit ten volle te onderhou nie. Daarom stel die wet die standaard, maar bring uiteindelik nie die verlossing nie.

Op die einde is die bekende woorde waar. Die geloof sal jou red. Maar geloof in wat? Juis die geloof in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Die geloof dat Hy in ons plek gesterf het om die wet ten volle te onderhou, en die opstanding as bewys dat die wet ten volle onderhou is. Daarom is die geloof in die sterwe en opstanding die instrument waarmee ons deel word van Abraham se nageslag. En as nageslag van Abraham is ons deel van die baie nasies waarvan Abraham die Vader is. Die opstanding en spesifiek die geloof daarin maak ons deel hiervan.

4. Vas soos lewe en dood

Die laaste punt waarby ons stilstaan is die vastigheid van die beloftes van die Here. Wanneer ’n mens praat oor iets soos geloof, dan is daar altyd twee komponente betrokke. Ons ken dit ook goed in die woorde van Sondag 7, ’n ware geloof is ’n gewise kennis en vaste vertroue. Daar is altyd die komponent wat was is en dan die komponent wat risiko bevat. Daardie hoop, alhoewel ons duidelik weet dat ’n bybelse hoop anders as ’n wêreldse hoop is.

Maar dit is ook wat die sterwe en opstanding van Christus vir ons kom openbaar. Iets wat baie vas is, is die dood. Dit is nie iets wat jy maklik kan na-aap of vervals nie. ’n Mens wat gesterf het is dood en bly dood in ons aardse belewing van dinge. Daarom met Christus se sterwe het ons die vaste versekering dat ons oortredinge betaal is.

Maar dan word Christus ook opgewek uit die dood. En met dit kom maak Hy die volgende gedeelte wat eintlik ’n hoop, ’n vertroue was ook vas. Hy kom en haal nog ’n gedeelte risiko uit die geloof, deur dit vas te maak. Hierdie vastigheid word self deur buite

bybelse bronne bevestig. Ja selfs ongelowiges getuig van die afwesigheid van die fisies lyk van die Here Jesus Christus. Daarom maak die gebeurtenis van die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus die hoeksteen van ons Verlossing so vas soos lewe en sterwe. En daarom in die woorde van Sondag 17 is die opstanding ’n betroubare waarborg dat ons alles in die geloof sal ontvang. Insluitend ons eie opstanding uit die dood eendag.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur soos volg saam te vat. Ons het gesien hoe gebeure wat baie jare gelede gebeur het, vandag vir ons opnuut troos kan bring. Hoe koue dogmatiese feite die hart warm kan laat klop. Dit gebeur deur die geloof wat ons genadiglik van die Here ontvang. Dieselfde geloof wat die Heilige Gees in ons werk.

Want dit is hierdie geloof wat ons bind aan die sterwe van Christus as betaling vir ons oortredinge, maar ook die opstanding van Christus as ons regverdigmaking voor die Here. Verder bring die opstanding van Christus uit die dood ook vir ons sekerheid. Sekerheid wat ons geloof meer volledig maak. Sekerheid dat die betaling vir ons oortredings volkome was en sekerheid dat Christus die eersteling is vir wat vir ons ook voorlê.

Op hierdie manier vervul die opstanding baie dinge in die geloof waarop ons gehoop het en wat ons intens verwag het. Die pad wat alreeds met Abraham begin is word verder geneem. En die wet word vervul in ons plek. En dit alles word so vas gemaak soos lewe en dood. Daardeur het ons ook die vaste waarborg dat ons geloof ook eendag op die ewige lewe sal uitloop. Dat ook ons gered sal word, en opgewek sal word uit die dood.

Kom ons gaan uit met hierdie vaste geloof en gaan leef in alles tot eer en verheerliking van die Here ook op hierdie opstandingssondag vandag.

Amen